Minister van Finansies open innoverende Navorsingsentrum by die Universiteit Stellenbosch

May 6, 2011 0 Opmerkings

Die Minister van Finansies, mnr Pravin Gordhan, het Maandag (9 Mei) amptelik die nuutgestigte Navorsingsentrum, ’n allernuutste fasiliteit vir meestersgraad- en doktorale studente, akademici en navorsers van die Universiteit Stellenbosch (US), geopen. Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het gaste by die Navorsingsentrum, geleë in die JS Gericke Biblioteek, verwelkom (volledige artikel volg).

Een van die seminaarkamers van die Navorsingsentrum (foto: Anton Jordaan)

“Die Navorsingsentrum is vergelykbaar met van die beste in die wêreld en skep ’n innoverende en kreatiewe omgewing. Dit bied hoëvlak navorsingondersteuning soos professionele inligtingsdienste, konsultasie en deelnemende geleenthede, werkswinkels en aanbiedings en navorsingsgespreksessie aktiwiteite,” sê me Ellen Tise, Senior Direkteur van die US Biblioteek en Inligtingsdienste.

Die doel van die sentrum is om die Biblioteek se bydrae tot die verbetering van nagraadse deursetkoerse en navorsingsuitsette te vergroot deur die voorsiening van ‘n omgewing wat bevorderlik is vir navorsingsgesprekvoering en –produksie en wetenskaplike debatvoering en van dienste wat direkte ondersteuning bied vir die navorsingswerskaamhede van nagraadse studente en navorsers.

Die fasiliteit spog met ’n goed-ontwerpte sitkamer-area wat onder meer dien as fasiliteit vir navorsers om in gesprek met mekaar te tree en wat betref deelnemende navorsing. Dit word gekomplementeer deur eietydse seminaarkamers, videokonferensiefasiliteite en oop-plan rekenaarareas.

Die stukrag vir die skepping van die Navorsingsentrum was gedeeltelike befondsing wat ontvang is vanaf die Carnegie Korporasie van New York. Dit maak deel uit van hul Konsortium van Navorsingsbiblioteke in Suid-Afrika-inisiatief, waarvan die Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n lid is.

Deel van die sitkamergedeelte by die Navorsingsentrum (foto: Anton Jordaan)

"Hierdie inspirerende en eietydse navorsingsruimte sal in die toekoms 'n belangrike rol speel in die bevordering van die Universiteit se visie van 'n navorsingsuniversiteit van wêreldgehalte," het prof Botman bygevoeg.

"Die Navorsingsentrum, tesame met die Leersentrum, 'n eietydse en hoë-vlak leerarea vir voorgraadse studente, vorm deel van die US se HOOP Projek – 'n kampuswye inisiatief waardeur die instansie sy akademiese uitnemendheid en voorloper- wetenskaplike navorsing gebruik om oplossings te vind vir van ons land, ons vasteland en die res van die wêreld se strafste uitdagings."

Paneelbespreking

As deel van die bekendstelling van die Navorsingsentrum, bied die Biblioteek en Inligtingsdiens 'n seminaar aan oor wêreldtendense in akademiese navorsing en toekomsscenarios van akademiese publikasies. Die seminaar, getiteld *"The changing landscape of academic research and publishing"* word op Dinsdag 10 Mei by die Wallenberg Navorsingsentrum aangebied. Die seminaar sluit sprekers in van Elsevier, een van die wêreld se voorste uitgewers van wetenskaplike, tegniese en mediese inligting, sowel as vooraanstaande navorsers van die US.

- Kontak me Marié Roux (021 808, mr@sun.ac.za) vir meer inligting oor die Navorsingsentrum en me Renee Reagon (021 808 4877, rreagon@sun.ac.za) vir meer inligting oor die seminaar.

Akademies, Korporatief & Alumni, Algemeen, HOOP Projek, Mediavrystellings, Studentesukses, Studente

Biblio, Carnegie Corporation, features, HOOP Projek, JS Gericke Biblioteek, JS Gericke Library, Learning Commons, Library and Information Service, Minister of Finance, Provin Gordhan, Research Commons

Die skryf van effektiewe verslae en voorleggings – 'n driedagreeks

Biotegnoloog en dierkundige van US onder NWTF-finaliste

Geen kommentaar tot op hede nie...

Lewer kommentaar

Naam (vereis)

E-pos (Vereis)

Webtuiste (opsioneel)

Stuur opmerking

Argief

- Mei 2011 (48)
- April 2011 (81)
- Maart 2011 (123)
- Februarie 2011 (98)
- Januarie 2011 (62)
- Desember 2010 (41)
- November 2010 (63)
- Oktober 2010 (111)
- September 2010 (112)
- Augustus 2010 (114)
- Julie 2010 (67)
- Junie 2010 (37)
- Mei 2010 (72)
- April 2010 (89)
- Maart 2010 (107)
- Februarie 2010 (104)
- Januarie 2010 (62)
- Desember 2009 (49)
- November 2009 (85)
- Oktober 2009 (113)
- September 2009 (91)
- Augustus 2009 (121)
- Julie 2009 (77)
- Junie 2009 (66)
- Mei 2009 (20)
- April 2009 (27)
- Maart 2009 (14)
- Februarie 2009 (8)

Stuur nuus

Username

Password

Log in

Tags

'BoschFest Climate Change Convocation Department of Botany and Zoology Department of Chemistry and Polymer Science Department of Mathematical Sciences Department of Physics Drama Dr Frederik Van Zyl Slabbert DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology Endler Concert Series Endler hall Faculty of Science Faculty of Theology features Gemeenskapsinteraksie H1N1 virus HB Thom HOOP Projek InnovUS invasive species JS Gericke Library Language Centre Library and Information Service National Research Foundation no new HIV infections on campus Office for Institutional HIV Co-ordination Peer 2 Peer Education Prof Arnold van Zyl Prof Julian Smith Prof Magda Fourie Prof Russel Botman Russel Botman Sasol Art Museum Scientific Writing Skills Seminar Sentrum vir Indringerbiologie Stellenbosch University STIAS SU Language Centre SUSPI The Faculty of Health Sciences Wallenberg Research Centre Woordfees Workshop

© 2011 Nuus. Alle regte voorbehou

Aangedryf deur WordPress.